http://spilplus.journals.ac.za/


# LEKSIKOGRAFIE EN LINGUISTIEK

Piet Swanepoel
UNISA

**Abstract**

The main pupose of this paper is to explicate the relationship between theoretical linguistics and lexicography. Given the reductionist tendency to view lexicography merely as the applied leg of theoretical linguistics, the complexities of the content, structure and interaction of metalexicography and practical lexicography are analysed and the problematic aspects of the interaction with theoretical linguistics is elucidated.

**Opsomming**

Die hoofdoel van hierdie referaat is om 'n uiteensetting te gee van die wisselwerking tussen die teoretiese linguistiek en die leksikografie. Aangesien daar die neiging bestaan om die leksikografie eenvoudig te reduseer tot die toegepaste been van die teoretiese linguistiek, word daar 'n uiteensetting gee van die kompleksiteite van die inhoud, struktuur en wisselwerking tussen die metaleksikografie en die praktiese leksikografie en die problematiese aspekte van die interaksie met die teoretiese linguistiek word ontleed.

## 1 Inleiding

Die organiseerders van die kongres het dit as opdrag aan sprekers gegee dat hulle antwoorde moet probeer verskaf op die volgende vrae:

> Wat bied die taalwetenskap vir die taalprofessies?
>
> Wat verlang die taalprofessies van die taalwetenskap?

In die beantwoording van hierdie twee vrae, word daar in hierdie artikel gekonsentreer op die leksikografie as taalprofessie, en die bostaande twee vrae gaan ek probeer beantwoord deur in meer besonderhede in te gaan op aspekte van die werklike en die potensiële wisselwerking tussen die teoretiese linguistiek (taalwetenskap) en die leksikografie as 'n toegepaste wetenskap. Uit hierdie ontleding sal ek poog om dan so 'n soort behoeftelysie saam te stel op grond van wat in die linguistiek aan die bod is en die behoeftes wat daar in die leksikografie

http://spilplus.journals.ac.za/



bestaan.

Die uitgebreide aandag aan die leksikografie as vakgebied motiveer ek eerstens op grond van Raskin (1986a) se opmerking dat die suksesvolle toepassing van die teoretiese linguistiek in ander toegepaste wetenskappe sal berus op

(i) die sistematiese en teoreties gebaseerde ondersoek na die doelstellinge en tegnieke van linguistiese toepassings; en op

(ii) die opvul van die leemte wat daar bestaan van die kant van die linguistiek oor linguistiese toepassings en die verspreiding van hierdie kennis onder die gemeenskap van teoretiese linguiste.

Punt (i) en (ii) wil ek as 'n soort skuldbelydenis van die kant van die linguistiek sien vir sover daarmee erken word dat die linguistiek as sodanig nog weinig aandag aan die toepassingsgebiede daarvan geskenk het[1], in die besonder dan die leksikografie.

'n Omvattende uiteensetting van die leksikografie as vakgebied is, in die tweede plek, nodig omdat daar oor die aard en inhoud van die wisselwerking tussen die leksikografie en die linguistiek verskeie simplistiese opvattinge in omloop is. Een algemene soort opvatting is dat omvattende en beperkte linguistiese woordeboeke 'n beskrywing gee van die volle spektrum grammatiese eienskappe van leksikale items (soos hulle fonetiese, ortografiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese, stilistiese en ander pragmatiese eienskappe)[2] en, gevolglik, dat alle subdissplines van die teoretiese linguistiek die teoretiese basis van die leksikografie moet vorm. Onderliggend hieraan is die neiging om die leksikografie reduksionisties en simplisties te sien as die toegepaste been van die (teoretiese) leksikologie - daardie onderdeel van die taalwetenskap waarin die leksikon sentraal staan en alle subdissiplines van die taalwetenskap 'n direkte bydrae te make het en gemaak het.

Ek wil nie die werklike en die potensiële belang van feitlik elke subdissipline van die linguistiek vir die leksikografie in twyfel trek nie, maar wil in die onderstaande poog om die beperkinge, moontlikhede en die kompleksiteit van hierdie interaksie tussen teoretiese linguistiek en leksikografie nader te ontleed om hierdie soort simplistiese en reduksionistiese siening teen te werk. Die breër stelling wat ek wil maak, is dat geen toegepaste taaldissipline op eenvoudige wyse gesien moet word as die toepassing van die teoretiese komponent van 'n bepaalde subdissipline of subdissiplines van die linguistiek nie. Onderliggend aan so 'n siening lê daar 'n basiese ontkenning van die outonomie van 'n toegepaste dissipline (en van die teoretiese linguistiek self) en van die feit dat enige toegepaste dissipline 'n eiesoortige en afbakenbare teoretiese en 'n praktiese komponent het - al leun dit hoe sterk by ander dissiplines aan, is daar sprake van én integrasie én outonomiteit.

Voor die wisselwerking tussen die leksikografie en die linguistiek in meer besonderhede uiteengesit word, volg hieronder enkele opmerkings oor sake van 'n metawetenskaplike aard.

## 2 Enkele metawetenskaplike kwessies

### 2.1 Die begrip "toegepaste dissipline van die taalkunde"

Vir die doeleindes van die gesprek wil ek uitgaan van Richards, Platt en Weber (1985:15) se definisie van **applied linguistics/toegepaste linguistiek** as

> (2) the study of language and linguistics in relation to practical problems, such as LEXICOGRAPHY, TRANSLATION, SPEECH PATHOLOGY, etc. Applied linguistics uses information from sociology, psychology, anthropology, and INFORMATION THEORY as well as from linguistics in order to develop its own theoretical models of language and language use, and then uses this information and theory in practical areas as syllabus design, SPEECH THERAPY, LANGUAGE PLANNING, STYLISTICS, etc.

Hierdie definisie ondervang twee belangrike punte, nl.

> (i) dat daar vir enige toepgepaste been van die taalkunde'n eie teoretiese komponent oor taal en taalgebruik onderskei kan word, waar hierdie teoretiese komponent opgebou of ontwikkel word deur (a) die studie van taal en taalgebruik, maar ook (b), dat daar in die ontwikkeling van so 'n teoretiese komponent by verskillende ander dissiplines aangeleun word, waarvan die subkomponente van die teoretiese linguistiek maar een is, en
>
> (ii) dat daar in 'n toegepaste wetenskap onderskei kan word tussen so 'n teoretiese komponent en 'n praktiese toepassingskomponent.

Die soort algemene aanname wat die tweede punt onderlê, is dat daar 'n besonder noue interaksie in enige empiriese wetenskap tussen teorie en praktyk bestaan wat op eenvoudige wyse so gesien kan word dat die teoretiese komponent die praktyk stuur en onderlê, en omgekeerd, dat die praktyk die soort vakspesifieke probleme en van die data voorsien wat die ondersoeksgebied van die teoretiese komponent is.

Raskin (1986b:31) ontleed op 'n vereenvoudigde wyse hierdie wisselwerking tussen teorie en praktyk as 'n wisselwerking tussen vier onderskeibare komponente van 'n dissipline, nl. data, teorieë, metodes en probleme.


Raskin (1986a,b) gaan nie verder in besonderhede op die wisselwerking tussen hierdie komponente van 'n vakgebied in nie, maar dit behoort duidelik te wees wat hierdie interaksie behels in die geval van die linguistiek as vorm van empiriese

http://spilplus.journals.ac.za/



wetenskap. Die dryfveer in die linguistiek is insig in 'n problematiese gegewe, waar hierdie problematiese toedrag van sake geformuleer word in terme van talige data en die grammatikale, algemeen linguistiese of metodologiese aannames of hipoteses waarteen dit as "problematies" bestempel kan word. Empiriese taalnavorsing loop dan die weg van dataversameling en ontleding (die soeke na veralgemenings oor die data heen), die preteoretiese en teoretiese beskrywing van die data, die verklaring van die problematiese toedrag van sake in terme van taalspesifieke en algemeen-linguistiese aannames en hipoteses(teorieë), en dan uiteindelik die *maak* van voorspellings/projeksies oor niebestudeerde verskynsels binne die domein van ondersoek.

Botha (1977: 412) vat hierdie dinamiese proses van navorsing in generatiewe taalondersoek in die volgende diagram saam:




Figuur 1. *Generatiewe taalondersoek*

http://spilplus.journals.ac.za/




Raskin (1986b: 31 -33) stel dit verder dat daar in die toepassing van een dissipline (die "brondissipline") op 'n ander (die "teikendissipline") voldoen moet word aan die algemene beginsel dat daar 'n streng skeiding van arbeid ("division of labor") gehandhaaf moet word. In beginsel erken hy daarmee die outonomiteit van elke vakgebied, wat dit uitsluit dat enige toegepaste taaldissipline eenvoudig tot die praktiese komponent van die teoretiese linguistiek gereduseer kan word.

Raskin (1986:xiv) definieer 'n "linguistiese toepassing" soos volg:

> By linguistic applications we will mean here the use of data, methods and/or theories accumulated or developed in linguistics, to solve the problems from a different field of study, any language related field of study which might need linguistic expertise. The only difference between research in pure linguistics and research in applied linguistics is viewed as exactly this - that the problem which is solved in a linguistic application does not come from linguistics but rather from another field.

Raskin (1986a) stel dit dus as beginsel dat in die toepassing van 'n brondissipline (vir ons die teoretiese linguistiek) op 'n teikendissipline (hier die leksikografie) dat die probleme van laasgenoemde moet kom, terwyl die metodes, teorieë en data deur die brondissipline verskaf moet word. Die twee dissiplines kan in feite in hulle data, teorieë en metodes oorvleuel, maar die brondissipline is ook primêr verantwoordelik vir laasgenoemde twee. Raskin (1986b:31) vat die legitieme toepassing van een dissipline op die ander in die volgende saam:




Figuur 2. *Die wisselwerking tussen bron- en teikendissipline*

http://spilplus.journals.ac.za/



Raskin (1986b:32-33) meld in hierdie verband:

> The legitimate applications are, therfore, problem-orientated - they strive to solve a real problem of the target field using the available facts, techniques and theories from the source field. The ill-advised applications are basically method-oriented - the interest is usually in extending the use of one's favorite method to some new material without much concern for the real need of the field to which this new material belongs. The result of a method-orientated application is not necessary valueless - in fact, it can be quite interesting and informative as far as the method in question is concerned. However, it is highly unlikely to provide any fresh insights into the target field.

Dit bring my dan by die leksikografie as toegepaste, empiriese dissipline binne die linguistiek.

### 3. Die leksikografie as vakgebied

#### 3.1 Teorie en praktyk in die leksikografie

*The basis of a sound and efficient lexicograhic work is a good theory (Zgusta 1971:17)*

*The theory of lexicography is more than a generalized editorial instruction or than the technical rules of compilation (Redakteur, LS (1957) 1:3)*

Al baken Richards, Platt en Weber (1985:165) - heelwaarskynlik in navolging van die definisies in verskeie woordeboeke self- die leksikografie af tot "the compiling of dictionaries", moet mens in die lig van die voorafgaande aanvaar dat daar in die samestelling van woordeboeke as 'n wetenskaplike aktiwiteit ten minste ook twee komponente onderskei kan/moet word, nl. die werklike skryf van woordeboeke (die sg. "praktiese" komponent), dikwels aangedui met die term **leksikografie**, en die teoretiese komponent daarvan, wat aangedui word met terme soos die **metaleksikografie** of die **teoretiese leksikografie**.

Die metaleksikografie is daardie komponent van die leksikografie as wetenskaplike aktiwiteit wat

(i) die praktiese skryf van woordeboeke onderlê of stuur;

(ii) as sodanig bestaan uit 'n versameling spesifieke teorieë, aannames, beginsels, metodes, tegnieke en 'n analitiese en beskrywende begrippeapparaat, wat ontwikkel is en word na aanleiding van die ontleding

http://spilplus.journals.ac.za/


taalgebruik en die beskrywing daarvan *in woordeboeke*.[3]

Omgekeerd kan dit gestel word dat die leksikografie 'n wetenskaplike praktyk is, en *wel* in die sin dat die praktyk gestuur word deur 'n teoretiese komponent wat die resultaat is van wetenskaplike, empiriese navorsing.

Bostaande stem in die breë ooreen met die verdeling van die veld van die leksikografie in 'n metaleksikografiese komponent (die metaleksikografie) en die praktiese leksikografiese komponent (of die praktiese leksikografie wat as einddoel die daarstelling van woordeboeke het) soos uiteengesit in Wiegand (1983(a), 1983(b)) en Wolski (1986), wat ek hier in ietwat gewysigde vorm aanbied.[4].

### 3.1.1 Die metaleksikografiese komponent

Die metaleksikografie bestaan volgens hierdie outeurs uit 'n aantal woordeboeknavorsingsgebiede wat oor 'n cuiteenlopende aantal aspekte van woordeboeke handel, nl.

(i) Gebruikersnavorsing en navorsing oor die sosiale status van woordeboeke[5]

(ii) Navorsing oor die geskiedenis van die leksikografie

(iii) Navorsing oor die kritiek op bestaande woordeboeke[6]

(iv) Woordeboekdidaktiek[7]

(v) 'n Algemene teorie van leksikografiese taalbeskrywing, wat in die volgende onderdele uiteenval:

(a) Algemene deel

i Doelstellinge van woordeboeke

ii Relasies tot ander teorieë en beginsels (in aanverwante (sub)dissiplines)

iii Beginsels uit die geskiedenis van die leksikografie

(b) Bestuursteorie (werksverdeling t.o.v. arbeidsvelde)

(c) Teorie van leksikografiese taalnavorsing

i Dataversameling

ii Dataverwerking

iii Rekenaarondersteuning

(d) Teorie van leksikografiese taalbeskrywing

http://spilplus.journals.ac.za/



i Woordeboektipologie

ii Teksteorie vir leksikografiese tekste

Die verdeling in 'n teorie van leksikografiese taalnavorsing en leksikografiese taalbeskrywing stem ooreen met die soort tweedeling wat in die leksikografiese praktyk aangetref word, nl. dié tussen die (a) dataversameling, -ontleding en -beskrywing[8] en (b) die seleksie en aanbieding van data vir opname in 'n woordeboek.

Ten opsigte van elkeen van hierdie aktiwiteite is daar sprake van teorieë, metodes en tegnieke wat afgestem is op die oplossing van baie spesifieke leksikografiese probleme. Dit is egter in die fase van die versameling, ontleding en beskrywing van linguistiese data wat daar in die leksikografie die sterkste by die teoretiese linguistiek aangeleun word en waarin die woordeboekmaker in die drievoudige rol van én leksikograaf én grammatikus én algemene taalwetenskaplike optree, of by die grammatikus of algemene taalwetenskaplike vir hulp moet gaan aanklop.


**3.1.1.1 Die teorie van leksikografiese taalnavorsing**

As mens jou vir eers net tot die eentalige verklarende leksikografie beperk, dan is die doel van die leksikograaf in die navorsingsfase om aan die hand van omvattende en verteenwoordigende datakorpusse (in die vorm van sitatemateriaal) 'n linguistiese adekwate beskrywing te gee van al die grammatiese kenmerke van 'n gekose versameling leksikale items, en dit is met die oog hierop dat hy gaan aanleun by wat die teoretiese linguistiek en grammatici aan te bied het in die vorm van algemene en taalspesifieke teorieë, metodes en tegnieke, begrippeapparaat en konseptuele onderskeidinge, bestaande datakorpusse en veralgemenings oor die grammatiese kenmerke van leksikale items.

Gegee dat dit vandag algemene praktyk is om 'n omvattende databasis daar te stel op grond waarvan verskeie woordeboeke van verskillende tipes saamgestel kan word, deel die leksikograaf met die grammatikus die doel om 'n adekwate beskrywing van die leksikale taalbeheersing van die ideale moedertaalspreker van 'n taal daar te stel op grond van 'n uitgebreide datakorpus/taalgedrag. En hiervoor het hy nodig wat die algemene linguistiek aan te bied het aan teorieë oor leksikale taalbeheersing en leksikale taalverwerwing. Skematies voorgestel:

http://spilplus.journals.ac.za/






Figuur 3. *Die interaksie tussen leksikografiese en linguistiese taalnavorsing.*

Die resultate van leksikografiese taalnavorsing dien uiteindelik as basis vir die seleksie van linguistiese data (fonologies, morfologies, sintakties, semanties, pragmaties, ens.) vir die aanbieding daarvan in 'n spesifieke woordeboek. Die tweede fase, nl. die seleksie en aanbieding van linguistiese data in 'n spesifieke woordeboek, word van die eerste geskei omdat hier ook sprake is van 'n ander stel kriteria en adekwaatheisvereistes wat vir die leksikograaf geld.

### 3.1.1.2 Die teorie van leksikografiese taalbeskrywing

Enige woordeboek kan na die struktuur daarvan in twee verdeel word, nl. die makrostruktuur (bestaande uit die versameling lemmas/leksikale items) en die mikrostruktuur (d.i. die versameling verduidelikende data vir elke element van die makrostruktuur). Op elkeen van hierdie twee struktuurvlakke kom die leksikograaf voor die probleem van seleksie en aanbieding te staan. Op die makrostrukturele vlak behels seleksie die keuse van lemmas vir opname in die woordeboek en die aanbiedingsprobleem behels die keuse van ordenings-/rangskikkingsmetode (bv. alfabeties, tematies, ens.)

Op die mikrostrukturele vlak behels die seleksieprobleem die keuse van

http://spilplus.journals.ac.za/



grammatiese inligtingselemente en die aanbiedingsprobleem die enkodering en ordening van hierdie inligtingselemente. Onder laasgenoemde val byvoorbeeld die probleem van die keuse van die korrekte definiëringsmiddele en byvoorbeeld die ordening van die verskillende betekenisonderskeidinge van 'n lemma (bv. 'n chronologiese, logiese ordening of ordening volgens frekwensie) (vgl. ook die bespreking in Geeraerts 1990:195).

In feite gaan dit in die aanbiedingsprobleem om 'n gemotiveerde keuse uit al die beskrywingsmiddele wat tot die beskikking van die leksikograaf staan, en dié vertoon 'n ryke verskeidenheid. Net wat betekenisbeskrywing betref, moet die leksikograaf byvoorbeeld 'n keuse maak uit (i) die semantiese tipes wat in 'n definisie opgeneem moet word (bv. prototipiese, stereotipiese en/of tegniese betekenis; linguistiese en/of sg. "ensiklopediese" betekenis) die verskillende definisietegnieke (definisie vs. voorbeeld, vs. beeld; eksplisiete en implisiete aanbieding van inligting) en spesifieke definisietipes (bv. die genus et differentia-definisie, die ekstensionele definisies, die sinonimiedefinisie, ens.).

Die keuse/oplossings wat in elkeen van hierdie twee struktuurdomeine ten opsigte van die seleksie- en aanbiedingsprobleme gemaak word, word in die literatuur vanuit verskillende kante geregverdig of beargumenteer. Van hierdie oorweginge is doodeenvoudig dinge soos die grootte en omvang van die woordeboek, die koste verbonde aan die produksie daarvan, beskikbare mannekrag, identifiseerbare leemtes in soortgelyke en kompeterende woordeboeke wat om korreksie vra, ens.

Die resultate van al die navorsingskomponente van die metaleksikografie is uiteindelik ter sake in die keuses wat daar in die seleksie en die aanbieding van leksikografiese materiaal gemaak word. 'n Groot deel van hierdie navorsing is egter die afgelope ruk gewy aan die pragmatiese doelstellinge met woordeboeke, d.i. die beoogde funksies van 'n woordeboek ten opsigte van 'n spesifieke groep teikengebruikers.

Woordeboekmakers leef al lank met die besef dat enige woordeboek in die seleksie en aanbieding van inligting op die makro- en die mikrostrukturele vlak wel deeglik met die behoeftes en die vermoëns van die potensiële teikengebruikers daarvan rekening moet hou. Hierdie besef het in die sewentigerjare egter toenemend die belangstelling van (teoretiese) leksikograwe geniet en vandag word die pragmatiese funksie van die woordeboek teoreties geëksplisiteer en sistematies ondersoek.[9] Soos Geeraerts (1984:5) meld, vorm hierdie belangstelling in die pragmatiese funksie van die woordeboek 'n belangrike teenwig vir die neiging om die leksikografie uitsluitlik vanuit 'n linguistiese hoek te benader en om die omvattende wetenskaplike woordeboek tot norm vir alle woordeboektipes te verhef.

Pragmaties-funksionele oorweginge beïnvloed die werklike seleksie en aanbieding

http://spilplus.journals.ac.za/



van linguistiese data in 'n woordeboek op 'n baie baie grondige wyse. Van die oorwegings wat hier in die besonder geld, is aspekte soos die kommunikasieprobleme en -behoeftes van die potensiële gebruiker[10], maar dan ook die vermoëns van die woordeboekgebruiker om 'n woordeboek vir spesifieke kommunikasieprobleme te kan gebruik. Ook laasgenoemde stel besondere beperkings vir die leksikograaf in die seleksie, en veral in die aanbieding van linguistiese data in 'n woordeboek omdat gebruikers in die reël taalkundige en linguistiese leke is[11] , nie as sodanig in taalkundige en leksikografiese probleme belangstel nie en met enige naslaanaktiwiteit so gou as moontlik met hulle besondere kommunikatiewe probleem geholpe wil raak.

Hieruit distilleer Zgusta (1971:17) die volgende adekwaatheidskriterium vir 'n goeie woordeboek, nl. "that a dictionary is good 'if the theory which is inherent in it is so unobtrusive that it is no obstacle to the general user' ". Dit is uiteindelik op grond van 'n oorweging soos hierdie dat die leksikograaf terugval op die gebruik van natuurlike taal as definisietaal, die gebruik van voorbeeldsinne en 'n aantal beskrywingskonvensies, soos die gebruik van hakies, om die ingewikkelede interaksie tussen die sintaktiese en semantiese aspekte van leksikale items te illustreer.[12]

As mens verder daarna strewe om van elke woordeboekartikel 'n klein, selfstandige essay oor die grammatiese eienskappe van 'n leksikale item te maak dan word daarmee eksplisiete beperkinge geplaas op die soort metataal/enkoderingstaal wat die leksikograaf by die saamstel van 'n woordeboek kan gebruik. Verder hou dit in dat die leksikograaf by die uiteindelike seleksie en aanbieding van inligting hom ook sal laat lei deur algemene kommunikatiewe oorweginge wat vir die woordeboek as tekstuele naslaanwerk geld, soos byvoorbeeld ekonomie in die beskrywing, maklike terugvindbaarheid van inligting en eenvormigheid van beskrywing en strukturering om konsekwentheid in die woordeboek te bevorder.

Oor die afgelope aantal jare het die voorafgaande 'n baie duidelike invloed gehad op die metodologie wat in die seleksie- en aanbieding van linguistiese data gevolg word - 'n proses wat in die volgende stappe saamgevat kan word:

http://spilplus.journals.ac.za/



(i) identifisering van 'n leksikografiese probleem

(ii) analise van die probleem vanuit verskillende linguisties teoretiese raamwerke (teorieë, metodes, data)

(iii) analise van die probleem vanuit 'n leksikografiese perspektief, d.i. in terme van leksikografiese teorieë, metodes, tegnieke, doelstellinge, ens.

(iv) keuse van oplossings uit (ii) en (iii) en regverdiging van die gekose oplossing in terme van (ii) en (iii), waarin daar dan op teorieë, metodes en data van (ii) en (iii) gesteun word in die uiteindelike seleksie en aanbieding van die linguistiese data.

Goeie voorbeelde waarin hierdie metodologie gevolg word, is byvoorbeeld Wolski (1986) (oor die seleksie van en enkodering van inligting oor partikels in woordeboeke) en Atkins, Kegl en Levin (1986) (oor die seleksie en enkodering van inligting oor werkwoorde in verskillende woordeboektipes).

**4 Invloede van die linguistiek op die leksikografie**

Dit is onvermydelik so dat die leksikografie in die lang geskiedenis daarvan as toegepaste taalkunde beïnvloed sou gewees het deur wat daar aan algemeen-linguistiese teorievorming deur die tye bestaan het. Die historiese linguistiek het in die verlede 'n besonder sterk invloed op die leksikografiese praktyk gehad en die strukturalisme (in die verskeie variante daarvan) speel vandag nog in hierdie opsig 'n bepalende rol, veral ook omdat die lang bewerkingstyd van woordeboeke en die strewe na die handhawing van 'n konsekwente metaleksikografie en metodiek meebring dat verandering nie so vinnig voltrek word of manifesteer as in die geval van die teoretiese linguistiek nie.

Daarby is dit besonder moeilik om presies te bepaal watter invloed die teoretiese linguistiek inderdaad op die leksikografiese praktyk gehad het. Leksikograwe is daarvoor bekend dat hulle in die verlede nie uitgebreide dokumentasie oor die metaleksikografiese begronding van hulle woordeboeke vir openbare aanskoue en ondersoek daargestel het nie. Met die uitsondering van die bydraes van Webster en enkele ander, is dit 'n baie resente ontwikkeling in die leksikografie dat omvattende publikasies die lig sien waarin uitgebreid oor die metaleksikografiese aannames en vertrekpunt en op die metodologie van 'n spesifieke woordeboek, woordeboektipes of woordeboekprojekte ingegaan word.

Woordeboeke self is in hierdie opsig ook nie 'n goeie bron vir die bepaling van die werklike invloed van die linguistiek op die praktiese leksikografie nie vanweë die nieregstreekse verhouding tussen die leksikografiese teorievorming en die leksikografiese praktyk. Ontwikkelinge in die metaleksikografie en dié in die

http://spilplus.journals.ac.za/


praktyk loop nie altyd hand-aan-hand nie. Die situasie was (en is seker nog) dat baie van die teoreties geregverdigde voorstelle nie in die praktyk geïmplementeer word nie, en omgekeerd, dat die linguistiese teorie dikwels ook net dit wat alreeds langer in die praktyk bestaan het en op suiwer pragmaties-funksionele gronde gemotiveer is, versterk, sanksioneer of linguisties begrond/situeer.[13]

### 4.1 Behoeftes

By die keuse tussen teoretiese moontlikhede is die leidende beginsel vir die leksikograaf egter wel dat die gekose raamwerk inderdaad van so 'n aard moet wees dat dit die kompleksiteite, reëlmatighede en idiosinkrasië, van die grammatiese kenmerke van leksikale items in werklike taalgebruik moet kan verreken.

Geeraerts (1990:209-210) meld in hierdie verband:

> For one thing, lexicographical metatheories had better abandon all hope of building an adequate theory of lexicography on a linguistic basis that does not conform with their own experience; in particular, extant attempts to impose a structuralist conception of semantic structure on the methodology of lexicography should be rejected as misguided: there are now simply much more suitable semantic theories available.[14]

Die soort ondersteuning wat die leksikograaf van die teoretiese linguistiek vra, is die daarstelling van omvattende modelle van leksikale taalverwerwing, leksikale taalbeheersing en hipoteses oor die inhoud en struktuur van die leksikon as teoretiese konstruk, maar dan empiries geverifieer aan die kompleksiteite van werklike taalgebruik. In ooreenstemming met die gegewe in Fig. 1, kan hierdie behoefte skematies soos volg saamgevat word:

http://spilplus.journals.ac.za/







Fig. 4 *'n Teorie van leksikale taalbeheersing*

Die wyse waarop enkele woorde soos *bachelor* en *kill* in die verlede die empiriese basis vir 'n groot deel van die teorievorming in sommige onderdele van die linguistiek gedien het, is illustrerend van die wyse waarop baie linguiste slegs lippediens aan die begrip "deskriptiewe adekwaatheid" bring.

Linguistiese toepassings vereis dikwels omvangryke, volledige en adekwate taalbeskrywings, terwyl dié nie deur die teoretiese linguistiek gelewer is/word nie[15].

http://spilplus.journals.ac.za/



Die kompleksiteit en kontroversialiteit van beskrywings en die teorieë waarin hulle ingebed is, skrik die praktiese linguis af, maar meer nog: die linguis wat nie 'n duidelike begrip van 'n praktiese probleem het nie, sal nie weet watter een van die kompeterende teorieë die beste vir 'n bepaalde probleem bruikbaar is nie of nie ten opsigte van 'n spesifieke teorie weet watter dele daarvan as relevant vir die bepaalde probleem beskou kan word en watter nie.

Die soort ondersteuning wat die leksikograaf dus soek, het in die verlede nie bestaan nie en hy moes vir hierdie doel by elkeen van die subdissiplines van die taalwetenskap gaan aanklop wat 'n aspek of aspekte van die grammatiese kenmerke van leksikale items as studiegebied het - insluitende ook die swak ontwikkelde gebied van die leksikologie. Daarby het die leksikografie dikwels gebaat vir sover sommige linguiste in die strewe na die ontwikkeling van deskriptief adekwate teorieë besonder fyn skakeringe en dimensies van die grammatiese kenmerke van leksikale items blootlê en aandui hoe sulke onderskeidinge oor klasse items veralgemeen.

Die soort probleme waarvoor die leksikograaf in sy toenadering tot die teoretiese linguistiek egter ook soms te staan kom, word m.i. goed opgesom in Botha (1984) se ontleding van die tekortkominge van die soort teorievorming in die leksikalistiese morfologie as 'n teoretiese raamwerk. Botha (1984:109-110) noem onder meer die volgende:

(i) die gebruik van obskure of gebrekkige basiese onderskeidinge om problematiese verskynsels af te baken of probleemstellinge te formuleer;

(ii) verkeerde of kontroversiële feitelike waarnemings of aansprake oor die data wat verreken moet word;

(iii) ontleding van die data in terme van kontroversiële, ongeregverdigde of verkeerde teoretiese agtergrondaannames van sowel grammatiese as algemeen-linguistiese aard;

(iv) ponering van deskriptiewe of formele meganismes met obskure eienskappe;

(v) onvermoë om betekenisvolle veralgemenings vas te vang.

Verdere probleme wat Raskin (1986a, 1986b) identifiseer, is dat linguiste dikwels slegs een teorie aanhang en dat dié nie gepas is vir die praktiese probleem waarmee daar in 'n toegepaste wetenskap geworstel word nie, en dat linguiste vanweë *heuristiese oorwegings dikwels die ondersoeksveld van die linguistiek* te nou afbaken sodat die resultate van hulle ondersoek eenvoudig nie ter sake is vir probleme wat vir hulle oplossing kennis vereis wat buite die eng afgebakende

http://spilplus.journals.ac.za/



domein van die linguistiek val nie.[16]

In gevalle soos die bostaande kan die taalpraktisyn dus nie vir die praktiese linguis van die nodige raad bedien nie. Die resultaat is dat die taalpraktisyn/leksikograaf self 'n praktiese oplossing uitwerk "taking short cuts and, with luck, producing an acceptable (though) almost always partial) ad hoc solution of one particular problem" (Raskin 1986a:xv).

In die lig van die voorafgaande formuleer Raskin (1986a:xvi) 'n belangrike vereiste vir die bruikbaarheid van die insigte van die teoretiese linguistiek, nl. die ontwikkeling van prakties bruikbare teorieë:

> ...the linguist should not try to apply their knowledge in all its complexity to the field - many have tried that and failed.
>
> What the linguist should do is try to translate the best theory, method, or technique they have at their disposal in theoretical linguistics into a *usable apllied theory*. As every other linguistic theory, such an an applied theory would consist of a general part, universal for all fields of application, and particular parts, special for each field of application. The general part would contain principles of simplification and reduction of linguistic theories for practical purposes without compromising or distorting the linguistic truth. The particular parts would take into account the specific requirements of every particular field of application. The applied theory would, therefore, bridge the often existing gap between linguistic theory and potential fields of application, and it would do this while always maintaining the high scholarly level attained in linguistics, complete with concerns for adequacy, explanation, and justification.

Maar die leksikografie kan in hierdie opsig as bondgenoot gesien word vir sover woordeboeke omvattende geanaliseerde datakorpusse daarstel wat as empiriese basis en as toetsgrond vir relevante linguistiese hipoteses kan dien.[17]

Laasgenoemde hou m.i. ook in dat die leksikograaf wel deeglik kennis sal neem van ontwikkelinge binne die teoretiese linguistiek. Dit is inderdaad dan so dat van die kardinale leksikografiese vraagstukke vandag vanuit verskillende en dikwels komplementerende teoretiese perspektiewe benader word. Soos Tomaszczyck en Lewandowska-Tomaszczyck (1990:xii-xiii) aantoon, is daar verskeie teoreties-linguistiese raamwerke, soos die kognitiewe grammatika, die dinamiese semantiek, funksionele grammatika, betekenis-teksmodelle, ens. waarin daar aan die leksikon 'n sentrale rol toegeken word en waarin die leksikale item die lokus is van die volle spektrum grammatiese kenmerke daarvan. Die teoretiese en praktiese implikasies van hierdie teoretiese ontwikkelinge is alreeds die onderwerp van verskeie studies

http://spilplus.journals.ac.za/


waarin hulle leksikografiese relevansie gepeil word.

## 5 Slot

Een van die groot probleme vir die leksikograaf is dat daar in resente linguistiese teorieë ook 'n kritiese ondersoek is na van die mees tradisionele en aanvaarde linguisties teoreties en metodologiese aannames waarop leksikograwe tot nog toe gesteun het. Juis daarin lê vir my die uitdaging vir die leksikografie, naamlik om die implikasies van hierdie teoretiese en metodologiese aannames vir die toekomstige leksikografiese praktyk te gaan toets. Hiervoor sal hulle onvermydelik hulp moet gaan soek by die teoretiese linguistiek, maar hiervoor sal die teoretiese linguistiek ook gesensitiveer moet word vir die behoeftes van die leksikografie as toepassingsgebied van die linguistiek.

## Aantekeninge

1. Herrlitz & Lentz (1991:547) kritiseer in hierdie verband Kerstens en Sturm se opvatting "dat de formele taalkunde geen toepassingsperspektief heeft, omdat deze taalkunde geen antwoord biedt op vraagstukken die bijvoorbeeld in de tweede taalverwerwing, in het taalonderwijs, kortom in het brede terrein van "taal" en "maatschappij" central staan ". Alhoewel die outeurs die outonomie van die taalkunde erken, is hulle kritiek teen die volledige "Entpragmatiserung" van die taalkunde. Hulle pleit gevolglik vir 'n ontwikkeling in die taalkunde waarin daar 'n ewewig tussen basiese navorsing en toepassing is.

2. Zgusta (1971:15-16) haal in hierdie verband die volgende uitsprake van leksikograwe aan:

> The theory of lexicography is connected with all the disciplines which study the lexical system: semantics, lexicology, grammar, stylistics ...

en

> the dictionary is ... the meeting place of all the systems linguistic and non-linguistic which bear relevantly on speech behavior.

3. Hausmann et al. (1986:272) definieer die metaleksikografie as:

> the sum of the scientific activities that endeavour to collect, describe, and evaluate all theoretical questions and problems of method and procedure arising in the compilation of dictionaries, and consequently aim to improve lexicographic practice.

4. Soos Wolski (1986:5) tereg opmerk, kan daar verskillende metaleksikografiese

http://spilplus.journals.ac.za/


oriënteringe/raamwerke onderskei word, en feitlik vir elke aspek van elke subkomponent van die metaleksikografie soos hier uiteengesit. Die raamwerk van die bogenoemde outeurs word hier as vertrekpunt geneem omdat dit ook van 'n basiese verdeling tussen praktiese leksikografie en metaleksikografie vertrek (vgl. egter die bespreking in Wiegand (1983b:36) oor die onderskeid tussen praktyk en teorie en die probleme oor die interpretasie daarvan ten opsigte van die leksikografie), maar ook op grond daarvan dat dit tot op hede van die duidelikste en omvattendste uiteensetting van hierdie komponente van die leksikografie as vakgebied is.

5. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die artikels in Cowie (Ed.) (1987). Oor die normatiewe rol van die woordeboek in 'n taalgemeenskap, vergelyk Wiegand (1986) en oor die handelingsteoretiese begronding van woordeboekgebruiksnavorsing, vergelyk Wiegand (1987(b)).

6. Vergelyk Ripfel (1989).

7. Vergelyk Wiegand (1987: 179, vn. 1).

8. Vergelyk in hierdie verband die bespreking in Aarts & Meijs (Eds.) (1990) en Sinclair (1991).

9. Vergelyk Hartmann (1991).

10. Vergelyk Kühn (1991).

11. Vergelyk in hierdie verband die bespreking in Zgusta (1971:16-17).

12. Vergelyk die bespreking in Atkins, Kegl en Levin (1986).

13. Vergelyk in hierdie verband die bespreking in Geeraerts (1984) en (1990).

14. Zgusta (1971:18) meld in hierdie verband oor sy teoretiese voorkeure in *Manual of lexicography*:

> ...we do not say that the theoretical approaches preferred in this book or suggested in it are the only possible ones, but we try to suggest those approaches and points of view which are, on the strength of our experience, the most useful, or let us say, practical ones, for the lexicographer's purpose.

15. McCawley (1986:16) meld:

> The amount of serious detailed study of extensive bodies of vocabulary done by linguists is quite small, and until such research become less rare than it has been, publishers of dictionaries have little motivation to make greater use of work by linguists than they have so far.

McCawley (1986: fn.15, p.18) illustreer hierdie punt met verwysing na 'n opmerking

van Gross dat "transformational grammarians typically make do with one or two examples of each phenomenon that they study, remaining oblivious to how large or small a set of lexical items participates in the phenomena".

16. Raskin (1986b:19) bespreek hierdie probleem aan die hand van die wyse waarop daar in die linguistiek 'n grens tussen ons kennis van taal (linguistiese kennis) en ons kennis van die wêreld (ensiklopediese kennis ) getref word. Hy meld:

> By drawing that boundary too close to its own central core, linguistics has come up with 'isolationist' theories and descriptions which are not applicable outside of it and, it may be argued, not applicable inside, either. By pushing the boundary too far out, linguistics would make itself accountable for everything there is in the world and thus render its own task unfeasible and its application impossible.

Raskin self gaan egter nie in op die probleem van die houdbaarheid van sulke heuristiese aannames soos die onderskeid tussen linguistiese en ensiklopediese kennis nie

17. Vergelyk Raskin (1986a:xvii), Geeraerts (1990: 210) en Harras (1991). Geeraerts (1983:204-205) meld:

> ... het gaat niet op bij het onderzoek naar de relatie tussen linguïstiek en lexicografie alleen de vraag te stellen of zekere linguïstische theorieën invloed hebben gehad op de lexicografische praktyk, maar men moet zich ook afvragen welke eisen en beperkingen de empirische bevindingen van de lexicografie opleggen aan de semantische theorievorming.

**Bronnelys**

Aarts, J. & W. Meijs. (Eds.) 1990. *Theory and practice in corpus linguistics.* Amsterdam: Atlanta.

Atkins, B., J.Kegl & B. Levin. 1986. *Explicit and implicit information in dictionaries.* Centre for Cognitive Sciences.

Bahr, J. 1974. Aspekte eines Lexikmodells: zur theoretischen Grundlegung der Lexicographie. *Zeitschrift für germanistische Linguistik,* 2:145-170.

Bjarkman, P.C & V. Raskin (Eds.) 1986. *The real-world linguist: linguistic applications in the 1980s.* Norwood, New Jersey: ABLEX.

Botha, R. P. 1977. *Generatiewe taalondersoek; 'n sistematiese inleiding.* Kaapstad: HAUM.

Botha, R. P. 1984. *Morphological mechanisms. Lexicalist analyses of synthetic*

http://spilplus.journals.ac.za/



*compounding.* Oxford: Pergamon Press.

Cowie, A. (Ed.)1987. *The dictionary and the language learner. Papers from the EURALEX seminar at the University of Leeds, 1-3 April 1985.* Tübingen: Niemeyer.

Drosdowski, G. 1985. Einige Anmerkungen zur heutigen Lexikographie. In: Stötzel (Hrsg.) 1985:63-68.

Geeraerts, D. 1983. Lexicografie en linguïstiek: Reichling gerehabiliteerd. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde,* 99.3:186-206.

Geeraerts, D. 1984. Ontwikkelingen in de lexicografische theorievorming. *Jaarboek van de Stichting Instituut voor Nederlandse Lexicologie,* 1981-1982:56-65.

Geeraerts, D. 1987. Types of semantic information in dictionaries. In: Ilson (Ed.) 1987: 1-10.

Geeraerts, D. 1990. The lexicographical treatment of prototypical polysemy. In: Tsohatzidis (Ed.) 1990:195-210.

Goetz, D. & T. Herbst (Eds.) 1984. *Theoretische und praktische Probleme der Lexicographie.* München: Max Hueber.

Haensch, G. 1984. Lexicographie zwischen Theorie und Praxis - Heute. In: Goetz & Herbst ( Eds.) 1984.

Harras, G. 1991. Wörterbücher als Hilfsmittel der linguistischen Forschung. In: Hausmann et al. (Eds.) 1991:159-163.

Hartmann, R.K.K. 1991. Dictionaries and their users. In: Hausman et al. (Eds.) 1991:102-111.

Hausmann, F.J. et al. 1986. The *International Encyclopedia of Lexicography*: an outline of the project. *Lexicographica,* 2:271-283.

Hausmann, F.J. et al. (Eds.) 1991. *International Encyclopedia of lexicography.* Berlin: De Gruyter. (Bladsyverwysings is na die ongepubliseerde manuskrip.)

Herrlitz, W. & L. Lentz. 1991. Functionele taalwetenschap ter discussie: de taalgebruikskunde als toegepaste wetenschap. *De nieuwe taalgids,* 84.6:539-555.

Hirst, G. 1986. *Why dictionaries should list case structures.* In: *Second annual conference of the UW Centre for the new Oxford English Dictionary. Advances in lexicology. Proceedings of the conference.*

Hüllen, W. & R. Schulze (Eds.) 1988. *Understanding the lexicon. Meaning, sense and world knowledge in lexical semantics.* Tübingen: Niemeyer.

Hyldgard-Jensen, K. & A. Zettersten. (Eds.) 1983. *Symposium zur Lexicographie.*

http://spilplus.journals.ac.za/



Hildesheim: George Olms.

Hyldgaard-Jensen, K. & A. Zettersten. (Eds.) 1988. *Symposium on Lexicography III.* Tübingen: Niemeyer.

Ilson, R. (Ed.) 1987. *A spectrum of lexicography. Papers from the AILA Brussels 1984.* Amsterdam: John Benjamins.

Jackendoff, Ray. 1988. Why are they saying these things about us? *Natural Language and Linguistic Theory,* 6:435-442.

Kucera, A. et al 1987. *Lexicographica. International annual for lexicography 3/87.* Tübingen: Max Niemeyer.

Kühn, P. 1991. Typologie der Wörterbücher nach Benutzungsmöglichkeiten. In: Hausmann et al. (Eds.) 1991:111-127.

Raskin, V. 1986(a). Preface. Linguistic applications in the 1980s. In: Bjarkman & Raskin (Eds.) 1986:xiii-xix.

Raskin, V. 1986(b). On possible applications of script-based semantics. In: Bjarkman & Raskin (Eds.) 1986:19-46.

Richards, J., J. Platt & H. Weber. 1985. *Longman dictionary of applied linguistics.* Harlow, Essex: Longman.

Ripfel, M. 1989. *Wörterbuchkritik. Ein empirische Analyse von Wörterbuchrezensionen.* Tübingen: Niemeyer.

Sinclair, J. 1991. *Corpus, concordance, collocation.* Oxford: Oxford University Press.

Schaeder, B. 1981. *Lexikographie als Praxis und Theorie.* Tübingen: Niemeyer.

Störig, H.J. 1986. Zur Abgrenzung der Lexikographie. In: Wiegand (Hrsg.) 1986:183-195.

Stötzel, G. (Hrsg.) 1985. *Germanistik - Forschungstand und Perspektiven. Vorträge des Deutschen Germanistentages 1984.* Berlin: De Gruyter.

Wiegand, H.E. (Hrsg.) 1983. *Studien zur neuhochdeutschen Lexikographie 111.* Hildesheim: George Olms.

Wiegand, H.E. 1983(a). Was ist eigentlich ein Lemma?. Ein Beitrag zur Theorie der lexicographischen Sprachbeschreibung. In: Wiegand (Hrsg.) 1983:401-474.

Wiegand, H.E. 1983(b). Uberlegungen zu einer Theorie der lexikographischen Sprachbeschreibung. In: Hyldgard Jensen & Zettersten (Eds.) 1983:35-72.

Wiegand, H.E. 1985. Zum Verhältnis von germanistischer Lexikologie. In: Stötzel

http://spilplus.journals.ac.za/



(Hrsg.) 1985:69-73.

Wiegand, H.E. 1986. Von der Normativität deskriptiver Wörterbücher. Zugleich ein Versuch zur Unterscheidung von Normen und Regln. In: *Sprachnormen in der Diskussion. Beiträge vorgelegt von Sprachfreunden.* Berlin: De Gruyter ,1986:72-101.

Wiegand, H.E. (Hrsg.) 1986. *Studien zur Neuhochdeutschen Lexikographie VI.* Hildesheim: George Olms.

Wiegand, H.E. 1987(a). Empirische Wörterbuchbenutzungsforschung. In: Wiegand (Ed.) 1987:254-257.

Wiegand, H.E. 1987(b). Zur handelungstheoretischen Grundlegung der Wörterbuchbenutzungsforschung. In: Kucera et al (Eds.) 1987:178-227.

Wiegand, H. (Ed.) 1987. *Theorie und Praxis der lexikographischen Prozesses bei historischen Wörterbüchern. Akten der Internationalen Fachkonferenz Heidelberg 3.6 - 5.6. 1986.* Tübingen: Max Niemeyer.

Wierzbicka, Anna. 1985. *Lexicography and conceptual analysis.* Ann Arbor: Koroma.

Wolski, W. 1986. *Partikellexikographie. Ein Beitrag zur praktischen Lexikogie.* Tübingen: Niemeyer.

Zgusta, L. 1971. *Manual of lexicography.* The Hague: Mouton.

Zgusta, L. (Hrsg.) 1985. *Probleme des Wörterbuchs.* Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.